FSIZE:4973
ZCZC 101
AAZA16 FAME 040700
MP 565

M49-328

WB 150

AMPTELIK : MARION NA HK

AANDAG : RHONECIA WESSELS

NUUSBRIEF DESEMBER 1992

DAGSE AAN ALMAL TUIS
WEL NOG A MAAND IS DAARMEE HEEN.DIT WAS NOGAL N BEDRYWIGE VIER WEKE,EN HIER VOLG DIE PERSOONLIKE BESONDERHEDE.

KATTE IS NOG STEEDS SKAARS,EN HEIN (DIE JAG-LEIER) HET NOU BESLUIT OM SY BONUS TE GEE AAN DIE JAGTER WIE DIE EERSTE KAT VANG (OF HOE HEIN ???)HY HET DIE AFGELOPE MAAND SY BONUS IN DIE GREY-HEADEDJAGGEBIED GAAN VERDEDIG.DIE HUT DAAR HET BAIE PRO-VITAS EN SPRING-MIELIES,SO HEIN SE VYNGEVOELIGE GEWIG WAS NIE IN GEVAAR NIE.

ONS HET GEVIND ONS LEIER RUPERT HET N GOEIE OOG VIR DIE MOORDVISSE, EN KOM KORT - KORT VERBY GEHARDLOOP MET N GIL VAN KILLERS.DIE MANNE REAGEER VINNIG,AS JY WEER SIEN IS DAAR 17 KAMERAS OP DIE WATER GEMIK.

GERALD ONS KOMPER MAN,INDIEN HY NIE VOOR DIE SKERM IS NIE,VERNEDER HY DIE RES VAN ONS IN SCRABBLE.EK HET OOK NOG NOOIT N MAN AL GESIEN WAT VIR 3 URE IN DIE BAD KAN LE EN BOEK LEES NIE. HY WAS OOK N WEEK LANK OP KRIKKE TOE HY VERKEERD GETRAP HET IN N TOUCH RUGBY WEDSTRYD OP DIE HELIDECK.

ANDREW HET IN DIE CAPE DAVIS JAGGEBIED HEIN SE BONUS TE VERGEEFS GAAN SOEK.MAAR HY HET WEL DIE OULIKE PELSROB KLEINTJIES GEKRY.MAAR PAPPA PELSROB HOU NIE VAN KAMERAS NIE EN SAL JOU JAAG LAAT DIE DUIWEL JOU MET N VERKYKER SAL MOET SOEK.

MNR RADIO-TECH MIKE WAS DIE DAG OP N WANDEL NET BUITE DIE BASIS, TOE HY N SKIP OP DIE HORISON SIEN.HY HAAS TOE TERUG,EN AS DIE KILLER REAKSIE VINNIG IS DAN WAS DIE SKIP SN BLITSIG.DIT WAS TOE N SKIP.VANAF INDIA OP PAD ANTARTIKA TOE.

ANDRE EN PETE HET MEKAAR MET DIE WERK GEHELP HIERDIE MAAND,EN WAS MEESTE VAN DIE TYD BY LONGRIDGE.PETE WAG ANGSTIG DAT DIE

WANDERING ALBETROSSES HUL EIERS LE,TERWYL ANDRE DIE VERVELLING VAN DIE OLIFANT ROBBE FYN DOP HOU.

MET-KASSIE BRUCE L.R. HET BESLUIT OM SY BAARD LANGS DIE KANTE KORT TE SNY,MET DIE GEVOLG DAT SY NUWE BOK-BAARD SY HELE VOORKOMS VERANDER HET.DIS BESLIS NIE N SOMER STYL NIE,WANT HIER IS DAAR BITTER MIN TE KIES TUSSEN SOMER EN WINTER.

KEVIN HET N BONUS BY WATERTUNNEL GAAN JAG,(TOEMAAR HEIN JOU GELD IS NOG VEILIG).DIE WERELD IN DAARDIE OMGEWING IS BIETJIE OP EN AF, EN HY HET N PAAR KILOGRAM AFGESTAAN.MAAR HY BLY VOLHARD DAT HY NIE VET IS NIE,(MAAR HOE IS DIT DAN DAT JY GEWIG VERLOOR HET KEV...?)

DOKTER (TOORDOKTER.) V.D.MERWE HET,BEHALWE VIR GERRIE SE ENKEL,N BAIE STIL MAAND GEHAD(DANKIE DAARVOOR).HY IS OOK TANS BESIG OM DIE EILAND OP VIDEO VAS TE LE,EN HET BESLIS N OOG DAARVOOR.HY MOET OOK SORG DAT DIE KOS VOLOP BLY,VIR DIE VAN ONS WAT NIE KAN OP HOU PEUSEL NIE.

BRUCE B. IS NOG STEEDS BAIE BESIG IN SY LAB,EN AS JY STIL GENOEG KAN BINNE KRUIP SAL JY HOM STILLETJIES HOOR PRAAT (AL IS HY ALLEEN IN DIE VERTREK).EN LAAT ONS NOU NET DEBATTEER OOR IETS,DAN IS BRUCE DAAR OM SY MENING TE LIG.TEEN DIE EINDE VAN DIE AAND HET HY ALMAL SO DEURMEKAAR DAT ONS EERDER DIE ONDERWERP LAAT VAAR.

GREG ONS ANDER ROB MAN,WAS DIE AFGELOPE TYD BESIG,(SOOS GEWOONLIK) MET DIE ROB SENSUS,EN WORD DIKWELS OM DIE EILAND GESIEN WINKEL.HY DRA OOK DIKWELS VIR DIE JAGTERS VLEIS UIT - N REGTE OU STAATMAKER ONS HET OOK LANKAL OP GEHOU TRIVIAL PERSUITS SPEEL TEEN HOM.HY BEWYS NET AAN ONS HOE DOM ONS REGTIG IS.

TOJAN ONS DERDE MET-KASSIE LAAT ONS ALMAL SLEG VOEL - ALMAL TEL GEWIG OP,MAAR HY HET ERENS LANGS DIE PAD 14KG AFGESTAAN EN BOONOP MAAK HY DIE LEKKERSTE (EN GROOTSTE) SKONS OP DIE EILAND.EN AS JY ADVIES NODIG HET OOR FOTOS IS HY DIE MAN OM TE SIEN.

TEWIS ONS DIESEL-MECH IS AFGEDEEL VANAF DIE LUGMAG,EN HET SEKER DIE LANGSTE HARE VAN AL DIE PF.S IN DIE LAND.HY IS OOK VERSLAAF,(SAAM MET GERALD,SEAN EN BRUCE B.) AAN DIE BORDSPEL RISK .HULLE SPEEL SOMS 6 URE LANK VOORDAT IEMAND WEN. HY HOU OOK DAARVAN OM TE DOBBEL.HY SPEEL PYLTJIES TEEN ANDREW,DIE VERLOORDER DOEN DIE ANDER OU SE SKIVVY VIR HOM.EN OM EERLIK TE WEES,HET ANDREW LANK LAAS N SKIVVY GEDOEN.

COLIN HET HEIN SE GELD BY MIXED PICKLE GAAN JAG.HY IS OOK NIE ENIGSINS RYKER NIE.HY HET N NUWE KAMERA IN DIE AIRDROP GEKRY,EN HET IN TUSSEN DIE MOOISTE FOTOS GENEEM.HY WAS OOK DOENIG GEWEES IN DIE HUTTE ONLANGS.AS DAAR NET VERF IN DIE OMGEWING IS SAL HY DAARMEE SPEEL.EK DINK OMTRENT HELFDE VAN DIE HUTTE HET ONDER DIE KWAS GESNEUWEL.

NICO,ONS MAN WAT MUISE BESTUDEER,IS NET SO BESIG SOOS BRUCE B. HULLE DEEL N LAB EN HOU MEKAAR GESELSKAP.AS NICO NIE BESIG IS OM TE OPEREER NIE,DAN DOEN HY TOETSE EN PROEWE.HY SPEEL OOK GRAAG RUGBY OP DIE HELIPAD,EN HET N LASTIGE SYSTAPPIE AAN HOM.

AL WAT EK AS N RONDE JAGTER (LAAT EK LIEWERS SELF SO SE VOORDAT KEV KANS KRY OM DIE NUUSBRIEF TE SKRYF) VAN MYSELF KAN SE IS DAT EK OOK NIE HEIN SE GELD BY REPETTOS GEKRY HET NIE,AL HET EK HARD PROBEER.EN EK HET NOU BESLUIT EK WIL KATTE IN ANTARTIKA JAG WAT..?

JY SE DAARS NIE KATTE DAAR NIE.....AG DIT MAAK TOG NIE SAAK NIE HIER IS OOK NIE KATTE HIER NIE

AL WAT NOG OORBLY IS OM VIR ALMAL TUIS N GESEENDE KERSWEES EN N VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE TE WENS.

VRIENDELIKE GROETE
SEAN (KAT-JAGTER)

NNNN